November 2024
Prime-plan

Geagte Lid

**VOORDELE VIR WERKENDE LEDE EN PENSIOENARISSE VIR 2025**

Transmed se lede-voordelegids vir 2025 is hierby ingesluit. Hierdie gids bevat belangrike inligting oor u hersiene voordele en bydraes vir 2025 en sal u help om te verstaan hoe om die mediese voordele op u gekose plan die beste te bestuur.

**Voordeelveranderinge vir 2025**

Die voordeellimiete en sublimiete is verhoog in lyn met verwagte tariefverhogings.

Kanker kom wêreldwyd toenemend voor en vroeë opsporing is die beste manier om 'n mens se risiko vir kanker te bestuur. Die Fonds het dus 'n nuwe voordeel vir kolonkanker-sifting vir alle begunstigdes bo die ouderdom van 50 bekendgestel. Daarbenewens is die vroeë opsporingsvoordeel vir prostaatkanker-sifting nou beskikbaar vir mans vanaf die ouderdom van 45. Die voorkomende sorg-voordeel vir menslike papillomavirus-inenting om servikale kanker te voorkom, is uitgebrei en is beskikbaar aan alle begunstigdes tussen die ouderdomme van 9 en 26.

Indien u hulp of duidelikheid benodig met enige voordele, skakel asseblief ons Kliëntediens-departement by **0800 450 010** en praat met ons kliëntediensagente, wie u met graagte sal bystaan.

**Bydraes vir 2025**

Die Prime-plan bestaan uit 'n baie klein groepie verouderende lede met hoë gesondheidsorgvereistes en is steeds onder aansienlike druk weens die hoë eisekostes wat ervaar word.

Na uitgebreide hersiening en oorweging van alternatiewe opsies, het die Fonds besluit om voort te gaan met die plan om lede op hierdie plan te ondersteun, maar die implementering van 'n 15%-bydraeverhoging vir 2025 word vereis om dieselfde vlak van voordele te bied wat tans voorsien word aan die lede wat op hierdie plan gedek word.

Verwys asseblief na die bydraetabelle in die ingeslote voordelegids.

Lede word daaraan herinner dat kinderafhanklikes wie 21 tot 24 jaar oud is, by 'n geakkrediteerde opvoedingsinstelling studeer en nog afhanklik van die hooflid is, vir bydraes vir kinderafhanklikes kwalifiseer.

**Indien u van plan wil verander**

Indien u huidige voordeelplan nie meer aan u en u gesin se gesondheidsorg-behoeftes voldoen of deur u begroting gedek word nie, kan u dit oorweeg om van plan te verander. Lede kan hul voordeelplan een keer per jaar met ingang van 1 Januarie verander. Verwys asseblief na die voordelegids vir meer besonderhede oor die proses om te volg as u na 'n nuwe plan wil oorskakel.

'n Plankeusevorm is hierby ingesluit indien u u voordeelplan vir 2025 wil verander. Die voltooide vorm moet die Fonds teen nie later nie as 31 Desember 2024 bereik.

Lees asseblief die inligting wat voorsien is sorgvuldig deur voor u u voordeelplan vir 2025 bevestig.

***Let asseblief daarop dat hierdie voordeel- en bydraeveranderinge steeds aan goedkeuring deur die Raad van Mediese Skemas onderhewig is.***

*Vervolg op keersy*

**24-uur-voorafmagtigingsdiens**

Transmed wil u graag herinner aan die 24-uur-voorafmagtigingsdiens (tolvry by **0800 225 151**) om u na toepaslike behandelingsfasiliteite te verwys tydens 'n noodgeval en wanneer toelating vereis word. Hierdie diens is elke dag vir alle toelatings beskikbaar en na-ure, oor naweke en openbare vakansiedae tydens noodgevalle.

**Ambulansdiens**

In die geval van 'n mediese noodgeval wanneer 'n ambulans benodig word, kontak Europ Assistance asseblief by **0800 115 750.** Hierdie diens is 24 uur per dag, sewe dae per week beskikbaar.

**Dokter-advieslyn**

Die behoefte aan mediese raad van 'n dokter vereis nie altyd 'n fisiese konsultasie nie. Hello Doctor is 'n selfoongebaseerde diens wat u 24 uur 'n dag, sewe dae 'n week gratis toegang tot 'n dokter bied. Verwys asseblief na die voordelegids vir meer besonderhede oor hoe om van hierdie aanbieding gebruik te maak.

**Bywerking van persoonlike inligting**

Dit is van kritieke belang dat die Fonds altyd lede en hul afhanklikes se jongste kontakbesonderhede moet hê. Akkurate kontakbesonderhede stel die Fonds in staat om deurlopend inligting oor hul gesondheidsreis en voordele aan lede en hulle afhanklikes per telefoon, SMS of e-pos te kommunikeer.

Ten einde u kontakbesonderhede op datum te bring, skakel asseblief die kliëntediensdepartement by **0800 450 010** of stuur 'n e-pos na **membership@transmed.co.za.** Sluit asseblief u lidmaatskapnommer op alle korrespondensie aan die Fonds in.

**Ten slotte**

Namens die Raad van Trustees wil ek van hierdie geleentheid gebruik maak om u 'n gelukkige, gesonde en ontspannende feesseisoen toe te wens. Indien u reis, bly veilig. Mag 2025 goeie gesondheid en welvaart bring.

Vriendelike groete

**PETRUS WASSERMANN**
HOOFBEAMPTE